

Sing vooraf staande: Skrifberyming 18-1:1 (9:1)

- 1 Toe staar ek deur die wêreldnagte / – lighoogtes het my oog geboei –,
en 'k sien uit alle mensgeslagte / 'n skaar, ontelbaar, saamgevloei.
Hul staan, uit alle volke en lande, / nou voor die Lam en voor Gods troon,
die vredespalmtak in die hande, / hul wit gewaad in eenvoud skoon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet antwoord ons met Psalm 16:5 (p. 62).

Wet

Psalm 16:5 (p. 62)

- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Gebed

Psalm 46:6 (p. 237)

- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Skriflesing: Markus 8:22-38

Teks: Markus 8:37, 38

Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel? Want elkeen wat hom vir My en my woorde skaam in hierdie owerspelige en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Vader met die heilige engele.

(Markus 8:37-38 AFR1953)

Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe?

Hoeveel van die Here se raadsplan verstaan ons werklik? Hoe ver is almal van ons wat hier sit bereid om onself te verloën sodat die eer van ons Here Jesus in ons lewens meer en meer kan word?

- 1. Die Here open ons oë.**
- 2. Hoe ver het die dissipels gesien?**
- 3. Tot waar kan ons sien?**

1. Die Here open ons oë.

Al die dinge wat ons gelees het, hang saam met die genesing van die blinde man daar by Betsaida.

- Waarom dit van belang is, is omdat die Here hierdie man se oë oopmaak sodat hy kan sien wat rondom hom aangaan.
- Net daarna toets die Here sy dissipels en die skare wat saamloop na Sesarea-Filippi toe om te sien of hulle geestelike oë blind is, en of hulle daarmee kan sien.

Die Here het ook nie die blinde se oë meteens reggemaak nie.

- Hy het dit in twee stadiums gedoen. Eers kon die man net vaagweg sien.
- Nadat die Here in sy oë gespoeg het en sy hande daarop gedruk het, het die man gesê dat hy mense sien rondloop soos bome.
- Hy kon net hulle buitelyne onderskei en dit het hom laat dink aan hoe bome vir hom gevoel het toe hy nog blind was.

Dit wat die Here aantoon, is dat hoe meer Hy met ons werk, hoe meer helderder word ons insig.

- Daarom vat die Here weer aan die man se oë.
- Toe die Here hom weer vra of hy nou beter sien, was sy antwoord dat hy die mense ver al goed kan sien – dit is waarskynlik beter as wat die meeste mense sien!
- Die ou vertaling lees nog dat die man die mense van ver af duidelik sien. Dit beteken dat hy op 'n ver afstand al goed (duidelik) sien.

Die Here toon in die gedeelte net hierna aan dat dit met ons geloofslewe presies dieselfde werk. Dit kom nou uit in die antwoorde wat die mense gee toe Jesus vir hulle vra wie Hy is.

Die mense wat daar rondom Jesus gestaan het, het besef dat Jesus nie sommer net 'n gewone mens was nie. Hulle het besef dat Hy meer was as hulle, maar aanvanklik kon hulle nie presies sê hoe nie.

Dit kom ook uit in hulle antwoorde.

- Daar was 'n klompie wat gesê het dat Jesus Johannes die Doper was.
- Dan was daar nog 'n ander groepie wat beweer het dat Jesus Elia was.
- 'n Derde groep gedink het dat Hy een of ander profeet moes wees.

Die mense se insig is soos die blinde s'n toe hy begin sien het, en vir die Here gesê het dat hy mense soos bome sien. Hulle besef iets van wie Jesus is, maar hulle kan nie sien wie Hy is nie!

2. Hoe ver het die dissipels gesien?

Toe toets Jesus die dissipels: Wie sê julle is Ek?

- Die Here wil nie weer weet wat sê die massas wat nie deur Hom onderrig is nie.
- Hy wil weet wat sê die mense met wie Hy nou al lank werk, en aan wie Hy al baie dinge geopenbaar het. Hoe sterk is hulle geestelike oë al?

Petrus antwoord toe namens die dissipels: U is die Christus.

- *Christus* is die Griekse woord vir die Hebreeuse woord *Messias*.
- Hulle het gedink dat die Messias hulle koning is wat sou kom.
- Maar hulle het geen besef gehad wat dit ingehou het dat Jesus die Messias is nie.
- Hulle het net die een kant van die Messias raakgesien, naamlik dat Hy 'n ewige heerskappy sal vestig.

Daarom kom die Here Jesus nou en Hy sluit direk by Petrus se belydenis aan.

- Die Here Jesus begin toe om in sy onderrig (openbaring) 'n nuwe element van sy Messiasskap aan hulle bekend te maak waarvan hulle tot nou toe nog onbewus was: Hy moet ly en verwerp word, doodgemaak word en opstaan uit die dood.
- Die verwerping sal volledig wees – familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes sal Hom verwerp.
- Dis die totale leierskorps van die kerk van die tyd.

Die Here sinspeel hier op wat in Psalm 118:22 geskryf staan, naamlik dat die steen wat deur die bouers verwerp is, 'n hoeksteen geword het.

- Om Messias te kan wees, moet Hy eers verwerp word.
- Hy moet nie net deur mense verwerp word nie – Hy moet ook doodgemaak word.

Die Here sluit in sy onderrig by nog 'n uitspraak in die Ou Testament aan, naamlik Daniël 7:13.

- Daar word gepraat van “die Seun van 'n mens” wat voor die troon van die Oue van dae gebring word, en daar die ewige koningskap ontvang.
- Dis natuurlik 'n voorspelling van die Here Jesus wat hier in Daniël geskryf staan en daarom gebruik Jesus die naam “Seun van die mens” om van Homself te praat.

Nou verklaar Jesus as't ware wat dit beteken as daar in Daniël staan dat Hy voor die troon van God gebring word.

- Jesus het in sy lyding voor die troon van God verskyn omdat Hy gestraf is vir ons sondes.
- Dit is wat dit beteken dat Hy daar moes gaan verskyn.
- Eers daarna het Hy die ewige koningskap ontvang toe Hy uit die dood opgestaan het en hemel toe gevaar het.

By Petrus kan hierdie dinge nie ingaan nie.

- Hy kan nie aanvaar dat die Messias van God moet ly nie!
- Hy soek 'n triomferende Koning!

Hy gaan vermaan die Here toe eenkant.

- Petrus praat nie namens homself nie.
- Dis duidelik uit vers 33 dat die dissipels saam besluit het oor hierdie saak en dat Petrus toe as segsman aangewys is, waarskynlik omdat hy net vantevore hulle belydenis aan Jesus oorgedra het.

Die Here bestraf Petrus geweldig skerp.

- Maar nie net Petrus alleen nie, want die Here draai om en dan kyk hy na al die dissipels.
- Ons moet hierdie sin in die Bybel goed begryp. Al bestraf Petrus die Here eenkant, die Here bestraf hom voor almal, want dit is duidelik dat almal gehoor het wat Jesus vir hom sê: “Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en Petrus berispe.”

Gaan weg Satan: Petrus was op daardie oomblik die instrument van die duiwel, en sy “vermaning” was niks anders nie as 'n sataniese versoeking. Petrus en die dissipels het nog nie soos die blinde “ver en duidelik” gesien nie.

Die “versoeking” van Petrus-hulle dat die Messias nie bedoel is om verwerp te word en te sterf nie, sluit aan by die versoeking in die woestyn toe die duiwel vir Jesus gesê het dat Hy hom net hoef te aanbid, en dan sal hy vir Jesus al die koninkryke van die wêreld gee. Hy wou dus hê dat Jesus nie kruis toe moes gaan nie.

In die gedeelte wat ons gelees het, het op hierdie oomblik 'n wending gekom in Jesus se Messiasskap. Van hierdie oomblik af was Hy ook die Eensame.

3. Tot waar kan ons sien?

Die mense met hulle menslike insig kan nie insien dat die Messias moet ly nie – dis vir ons logika ongerymd.

- Maar Jesus het die pad na die dood toe geken, en Hy het dit ook geken as deel van God se raadsplan, en van hierdie oomblik af het Hy na daardie punt in God se raadsplan toe beweeg.
- Toe roep Jesus al die mense wat daar was bymekaar.
 - Hy begin verduidelik wat dit beteken om Messias te wees.
 - Die eerste saak waarvoor Hy praat is: . . . **agter My aan wil kom** . . .
 - Dieselfde woorde is gebruik van dissipels of leerlinge wat 'n bepaalde persoon gevolg het, en by die persoon geleer het - soos wat Paulus deur Gamaliël onderrig is.

Hier beteken dit egter baie meer.

- Hier beteken dit dat jy al die eise van die Messias as Vors van die lewe gaan erken, en dat jy Hom moet volg soos wat 'n landsburger sy koning volg. (Vergelyk. Jehu se woorde in 2 Konings 9:18, 19)

En die perderuiter het hom tegemoetgegaan en gesê: So vra die koning: Is dit vrede? Maar Jehu antwoord: Wat het jy met die vrede te doen? Volg my! En die wag het dit te kenne gegee en gesê: Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie. Daarop stuur hy 'n ander perderuiter; en toe dié by hulle kom, sê hy: So vra die koning: Is dit vrede? Maar Jehu antwoord: Wat het jy met die vrede te doen? Volg my! (2 Konings 9:18-19 AFR1953)

- Jy moet Jesus nie net volg in die eise wat Hy aan jou stel nie – jy moet jou hele lewe aan Hom wy.

Daarna praat die Here oor . . . **homself verloën** . . .

- Hierdie deel sluit aan by die lydingsaankondiging van die Messias.
- Jy kan slegs agter die Here aangaan/aankom as jy jouself verloën.
- Die bedoeling is dat jou eie aandrif afgelê moet word.
 - 'n Voorbeeld van iemand wat dit nie kon doen nie, was die ryk jong man wat nie sy geldsug kon aflê om Jesus te volg nie.

Dit beteken verder dat jy nie aan jou eie insig 'n plek moet toeken wat dit nie het nie omdat jy volkome moet steun op die insig van die Messias.

- 'n Voorbeeld is nou juis Petrus wat Jesus gaan vermaan het oor dit wat Hy aankondig oor sy verwerping en dood.

Dan is daar nog een verdere aspek: as jy Jesus wil ken, moet jy . . . **sy kruis opneem** . . .

- Om die **kruis op te neem** was vir die Here Jesus self 'n baie skerper saak as vir enige mens.
- Die mense daar het besef dat dit vir hulle die betekenis het dat hulle sal swaarkry as hulle in die Jesus die Messias wil glo.
- Daar sal as gevolg van hulle geloof baie lewensdruk en lewenswaarkry en lewenslyding oor hulle kom, en hulle sal dit moet hanteer.
 - Die Here Jesus het as mens ook al hierdie dinge ervaar wat oor Hom gekom het, maar Hy het ook geweet dat Hy letterlik sy eie kruis teen Golgota sou opdra, en dat die mense Hom daar bo op die heuwel sou kruisig.

Ten slotte sê Jesus: . . . **My volg** . . . Volg in my voetspore – geloof en lyding en gehoorsaamheid aan God die Vader.

- Ons moet soos Jesus absoluut gehoorsaam wees, soos wat Hy aan die Vader gehoorsaam was tot in die dood toe.
- As ons moet ly vir die Here Jesus, dan moet ons bereid wees om dit te doen, want Hy het geweldig gely ter wille van ons – sodat ons in die hemel kan kom.

Die Here sê dus dat ons moet kan sien dat Hy die Enigste Verlosser is.

- Die mens en sy verlossingspoging(s) vir homself word hier lynreg teenoor die verlossingswerk van Jesus Christus gestel.
- Enige persoon wat sy lewe self wil red, sal sy lewe heeltemal verloor.
- Enige iemand wat hom aan die Here Jesus en sy evangelie wil onttrek, sal sy lewe verloor.
- Die rede is eenvoudig: So iemand kan nie aanspraak maak op die verlossingswerk van Jesus nie, en daarom gaan hy hel toe.

Die Here stel die keuse so: Ons keuse vir Hom is aan die een kant en die liefde van die wêreld aan die ander kant.

- Jy kan ook nie sê jy hang Jesus aan as Verlosser, maar jy kom nie die eise na wat Hy stel as jy Hom volg nie.
- As jy kies om Jesus nie as Verlosser te hê nie omdat jy nie kans sien vir die eise wat dit aan jou stel nie – of watter rede jy ook al aanvoer – beteken dit net dat jy kies vir hierdie wêreld en wat dit jou bied.

Die wêreld eindig in 'n doodloopstraat.

- Die wêreld kan geen uitkoms gee uit die straf van die Here nie.
- Dit kan nie die raad (verlossingsraad) van die Here vir jou ontsluit sodat jy kan sien nie.

Daarom vra die Here Jesus: Want wat kan 'n mens betaal om sy siel te red? Watter losprys is daar wat hy kan gee, wat hom volkome vry kan koop van God se straf?

- Wat is 'n losprys?
 - 'n Losprys is 'n bedrag geld wat betaal is om iemand uit die tronk los te koop, of om iemand as slaaf vry te koop.
 - Dis 'n bedrag wat betaal is sodat die onreg wat bestaan, heeltemal gekanselleer word. 'n Losprys is dus voldoening aan reg.

Hoe goed kan u siel se oë sien?

- Kan u verstaan dat ons Jesus moet volg deur te ly vir ons geloof?
- Kan u ook sien dat ons alle vorme van verwaandheid moet aflê en ons nederig skik om te glo wat Hy openbaar, al verstaan ons dit nie?
- Om Jesus die Messias in sy koningskap en verlossing te volg, moet ons ook bereid wees om Hom in sy lyding en verwerping te volg.
- As ons skaam is om dit te doen, gaan Jesus ons verwerp.
- Hy sê dat Hy in die hemel – waar absolute reg geld – Hom vir ons gaan skaam omdat ons nie aan die standaarde wat Hy gestel het, wou voldoen nie.

Hy stel dit ook duidelik dat die oomblik van verwerping plaasvind in die eindoordeel.

- Dis wanneer Hy kom in die heerlijkheid van sy Goddelike koningskap.
- Hy sê dit net in ander woorde: . . . **kom in die heerlijkheid van sy Vader** . . .

- Die engele is dan ook daar.

Dit beteken dat jou vernedering om deur Jesus verwerp te word omdat jy Hom nie kon volg nie geweldig sal wees, want al die inwoners van die hemel sal dit ook sien.

Die Here vra dat ons **ver en duidelik** moet kyk in sy raad.

- Dan sal ons kan sien dat dit nie nodig is dat Jesus Hom vir ons sal skaam as ons Hom nou al in ons aanbidding volg in sowel sy lyding en verwerping as in sy koningskap nie.
- Ons sal dan kan sien dat ons, as ons op ons eie voor die Here wil gaan staan, nie 'n losprys het om te betaal as ons in die eindoordeel kom nie. Maar ons sal ook kan sien dat ons dit nie nodig het nie omdat Jesus die losprys klaar betaal het.

Leef en glo omdat die Here Jesus klaar die losprys betaal het.

Volg Hom ook in u lyding soos Hy dit van u verwag, en Hy gaan u in sy koningskap opwek om in sy koninkryk te lewe tot in ewigheid.

Amen

Slotgebed

Slotpsalm 9:1, 6, 7, 8 (p. 36)

- 1 Ek sal van ganser harte, HEER, / u wonders groot maak en U eer.
Ek sing omdat ek in U bly is, / aan wie my lofsang toegewy is;
- 6 Die HEER sal, soos 'n rotsskans, dek / wie hier getrap word op die nek.
Hy is 'n vesting hoog verhewe, / en sal in nood hul nooit begewe.
- 7 Die hart van hul wat U bely, / sal in u Naam standvastig bly.
Dié wat U soek in stil vertrou, / is by U veilig en behoue.
- 8 Psalmsing Hom wat op Sion troon, / vertel sy roem waar volke woon!
Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie, / of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 18 April 2010